Downloaded from Stanmorephysics.com CLICK HERE
Stanmorephysics.com

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2½ uur

Stanmorephysics.com

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye

*AFRFA3

Downloaded from Stanmorephysics.com

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**VRAAG 1**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A : Opstel (50)
   AFDELING B : Langer transaksionele teks (30)
   AFDELING C: Kort transaksionele teks (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

downloaded from stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 1**

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Totsiens , matriek ! Dagsê , lewe ! **[50]**

1.2 Gelukkig het ek my selfoon by my gehad . **[50]**

1.3 Toe het alles verander. **[50]**

1.4 Sosiale netwerke kan jou in die moeilikheid bring . [50]

1.5 Covid 19 – het my die volgende laat besef . **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[50]

[Uit http://www.google.com]

downloaded from stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.6.2




[Uit: http://www.google.com]

**[50]**

1.6.3




[Uit: http://www.google.com]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

### 2.1 AANSOEK OM 'n BETREKKING

Jy het die volgende advertensie in julle plaaslike koerant gesien. Skryf 'n brief waarin jy aansoek doen as assistant by die Eet Lekker bakkery.Jy rig die brief aan die bestuurder van die Eet Lekker bakkery.

[30]

**POS BESKIKBAAR**




Eet Lekker bakkery het 'n pos beskikbaar vir 'n assistant wat kan help met 'n verskeidenheid van take by die bakkery.

VEREISTES:
1. Goeie menseverhoudings
2. Jy moet van bak hou
3. Goeie spanwerk
4. Stiptelikheid

**Belangstellendes kan 'n brief aan die Bestuurder van Eet Lekker bakkery rig,Retiefstraat 5,Port Elizabeth , 6001.**

### 2.2 TYDSKRIFARTIKEL

Skryf 'n artikel vir 'n bekende tydskrif, waarin jy beskryf wat die beste opsie vir 'n jongmens na matriek is. **[30]**

### 2.3 DIALOOG

"n Oorsese maatskappy het vir jou 'n werk aangebied maar jy weet nie of jy moet aanvaar nie.Jy gesesls met 'n maat en vra om raad.
Skryf die DIALOOG tussen jou en jou maat neer.

Stanmorephysics.com

**[30]**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

### 2.4 TOESPRAAK

Jou ma/pa het 'n B.A. graad ontvang. Skryf nou die toespraak wat jy vir hom/haar by die gradeplegtigheidspartytjie (graduation party ) sal lewer. [30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS VRAAG 3

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### 3.1 ADVERTENSIE

Jy wil graag jou ou rekenaar en selfoon verkoop.Ontwerp 'n ADVERTENSIE om dit te adverteer. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

Jy moet 'n toets afle om jou bestuurderslisensie te kan kry.
Skryf hieroor in jou dagboek.

Maak **DAGBOEKINSKRYWING** vir TWEE dae soos volg :

Die dag voor jy die toets gaan aflê.
Die dag nadat jy die toets afgelê het.

[20 ]

### 3.3 RIGTINGAANWYSINGS

Jou maat van Kaapstad kom jou na die Covid inperking besoek . Hy / Sy het skoon vergeet waar jou huis geleë is.Hy bly by die Suncoast Hotel.Gee hom /haar rigtingaanwysings van die Suncoast Hotel na jou huis toe. Onthou om bakens te noem wat van help aan hom / haar sal wees.

( Jy moet minstens 8 rigtingaanwysings gee. )

[ 20 ]




**TOTAAL AFDELING C : 20**

**GROOTTOTAAL : 100**